

PAASTYD 2020



Sesde week in Paastyd ... Jesus is ons “Prosagogeus”

Teks: 1 Petrus 3:17-22

Agtergrond: Petrus skryf sy brief ongeveer in 60-64 n.C. aan gelowiges wat verspreid gewoon het in die Noordelike streke van Klein-Asië en wat t.w.v. hulle geloof vervolgd en onderdruk is. Op 19 Julie 64 n.C. het daar 'n groot brand uitgebreek in Rome, wat omtrent die hele Rome verwoes het. Die mense van die stad het Nero, die keiser van daardie tyd, die skuld vir die brand gegee, want hulle het geweet dat hy vreeslik graag 'n splinternuwe stad wou bou tot ere van homself. Maar Nero het heel slim die blaam vir die brand op die christene gepak en gesê hulle het dit gedoen want, het hy gesê, hulle glo dat die wêreld eendag deur swael en vuur vernietig gaan word, so dit moet hulle wees wat die brand begin het. Dit het daartoe gelei dat omtrent al die christene geweldig vervolgd is en slawe geword het.

Aristoteles het gesê: Slawe is niks anders as *pratende gereedskap* - “living tools”.

Logies het die christene vrae begin vra: Ons word onregverdig behandel en ons ly terwyl ons onskuldig is. Moet ons nie net ophou glo nie? Is dit regtig die moeite werd om nog te glo?

Petrus self is in 62 n.C. gekruisig en volgens oorlewering het hy gevra dat hy onderstebo gekruisig moet word want hy is dit nie waardig om soos Jesus gekruisig te word nie.

“Ouch”, eina - die oomblik as jy die woord sê dan sê jy vir die wêreld dat jy een of ander pyn beleef. Pyn is universeel.

Pyn is 'n boodskapper wat al ons aandag vra.

As 'n mens erg genoeg swaar kry, kan dit gebeur dat jy moed verloor. Dat jy geen uitkoms meer sien nie. En dit is in sulke omstandighede wat Petrus se brief geskryf is – vir mense wat besig is om moed te verloor.

Petrus skryf vir sy gehoor om te sê: Ek wil vir julle iemand wys wat ontsaglik gelyk het, juis terwyl Hy goed gedoen het. En kyk wat gebeur met die persoon. Uit sy onregverdige, onsinnige lyding kom die wonderlikste oorwinning. Petrus sê, kyk na Jesus!

Die doel van sy onskuldige dood was om ons na God te bring. Petrus gebruik die woord: “prosago”. Ons weet uit die OT dat mense nie self na God toe kon gaan nie. Hulle het 'n middelaar nodig gehad - gewoonlik die hoëpriester. Die Grieks-Romeinse wêreld van die lesers van Petrus se brief het dit baie goed verstaan. Niemand het sommer toegang tot die koning gehad nie en daar was 'n amp aan die koninklike hof met die naam van “Prosagogeus” wat juis van die woord afkom. Die taak van die amptenaar was om mense te sif wat die koning wou sien.

Christus het dit kom doen. Hy vat ons na God toe. Hy gaan stel ons aan God voor en Hy stel sommer ons saak ook. Hy maak vrede tussen ons en God. Dit is wat sy lyding vir ons beteken.

Een van die groot worstel vrae in die geloof is: Wat is die Christelike geloof? Is dit:

- *A pie in the sky when you die? of*
- *A steak on your plate while you wait.*

Petrus se antwoord is baie kort: Kyk na Jesus. Jesus hou vas aan die beloftes van sy Vader deur intense lyding. Hy kry nie 'n biefstuk op sy bord terwyl hy vir die einde wag nie.

Die Christelike geloof is 'n kruis teologie, met die belofte van oorwinning.

Maar die toekoms is eenvoudig fantasties - Openbaring 21:4: “Hy sal al die tranes van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan”.

Jesus se “ouch”, sy pyn was vir my en jou. Lyding het nie die laaste woord in die wêreld se geskiedenis nie. Die vrug van Jesus se lyding, sy opstanding en verheerliking spreek die laaste woord.

Dit is net Jesus wat met 2 planke 'n brug kan bou tussen ons en God.

Jesus is ons Prosagogeus.

Kleingroepe of gesinsgesprek:

- Lees 1 Petrus 3:17-22.

- Lees nou weer, maar net 1 Petrus 3:18 en vers 22.
- Deel met mekaar wat julle uit die teks hoor.
- Deel met mekaar stories van julle littekens. Eers net al die fisiese littekens, en gesels dan oor al die dinge wat vir julle swaar is en julle seermaak (geestelik, emosioneel e.a.).
- Gesels oor die stellings: Geloof is:
 - A pie in the sky when you die, of
 - It's a steak on your plate while you wait.
- Bid saam vir mekaar se pyn en swaarkry en dat ons altyd sal weet dat God ons nooit alleen sal los nie.